


Pretoria Brief 2010.03 [Maart]

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Soos u seker almal weet is Pretoria in 1855 gestig. Ek kon dit nie glo toe ek die straatadres van my nuwe huis sien nie. Die aftree-oord se adres is Berglaan-uitbreiding 1855. Toevallig? of so bestem?

Ek het verlede jaar 'n brief geskryf oor die geskiedenis van die European Hotel op Kerkplein. Hierdie maand iets oor die geskiedenis van 'n ander minder bekende hotel op Kerkplein. Dit het gestaan op 'n gedeelte van Erf 365 [ou nommer was 350] waar die Nederlandse Bankgebou vandag is en het oorspronklik bekend gestaan as die Edinburg Hotel. Later verander die naam na die Pretoria Hotel en nog later word dit die Transvaal Hotel. Die erf het oorspronklik behoort aan M.W. Pretorius en hy het dit in 1861 verkoop aan Stephanus Schoeman. Stephanus Schoeman verkoop die suidelike deel aan H.J. Schoeman [1865], die noordelike deel aan R.C. Green [1873] en die middelste deel aan T.H. van der Hove in 1878.




Hier is die oudste foto van die gebou wat later die hotel sou word. Daar staan 'n poskoets voor die hotel, so ons kan aanneem dat dit as poskantoor gebruik was toe die foto geneem is. Die poskantoor is in Oktober 1874 verskuif na die Austen-gebou op die noord-westelike hoek van Kerkplein.

Deur wie dit gebou is is nie seker nie maar die gebou het eers bekend gestaan as die gebou van Von dem Hove [soms gespel as Van der Hove]. Van die kamers in die gebou is in 1874 deur die regering gehuur teen £12 10/- per maand en is o.a. gebruik as kantore vir die Weesheer, Tesourier-generaal, Staatsprokureur en Posmeester-generaal. Dit kon gerieflik en baie veilig ingerig word, "heeft eene goede situasie (aan het Marktplein), is hoog, luttig en gezond" [Rex-03 p205].

Dit het nie altyd so goed gegaan in die gebou nie. Na 'n groot reënstorm word gekla dat die gebou baie vervalde is en dat van die weesheer se papiere in die storm nat geword het.

Nadat die regeringskantore verskuif het is die gebou verander en as 'n hotel gebruik. Dit het eers bekend gestaan as die Edinburg Hotel. Later was dit die Pretoria Hotel van Herrington & Tossel en in 1892 verander die naam na die South African Hotel. C. Reck was nou die eienaar [Dun-01 p22].

Die Edinburg Hotel was eers in Pretoriusstraat, moontlik vanaf 1874, met F. Smythe as eienaar. In 1875 word dit die Traveler's Rest en in 1877 verskyn daar 'n advertensie in De Volksstem dat die gebou nou verhuur gaan word. In 1878 is daar 'n brand in die hotel en volgens die koerant is dit nou geleë op Kerkplein langs die Cape Commercial Bank. Wie toe die eienaar was is nie bekend nie.



Links op die foto is die European Hotel wat in 1888 gesloop is om plek te maak vir die ou Raadsaal. Regs van die akkerbome is die Pretoria Hotel. In 1889 was die eienaars Herrington en Tossel. Die volgende persone was verbonde aan die hotel: A. Herrington, C.J. Herrington, Mev. J. Tossel, J.B. Thomas [bestuurder], A. Dorey [kroegman], J.C. Noonan [kroegman], A. Clark [kelner], en George Murry [stalkneg]. Die naam van die hotel verander later na die South African Hotel.

Die volgende foto is geneem deur die bekende fotograaf H.F. Gros. Hy noem hierdie deel van Pretoria "Cheapside". In 'n koerant van 1884 is daar ook 'n kennisgewing van 'n vergadering wat gehou gaan word op die hoek van Pretoriusstraat en Cheapside. Ek wonder hoe het hierdie naam ontstaan?

Links op die foto is die Raadsaal wat so pas voltooi is [d.w.s die foto is ná 1892 geneem]. Kyk na die toring – daar is nog geen horlosie nie en die vrou op die toring het ook nog nie 'n hoed op haar kop nie.

Regs van die Raadsaal is die befaamde of berugte "Doodskis"-gebou wat opgerig is deur die Kaap de Goede Hoop Bank. 'n Nou gang van drie voet het die gebou van die Alhambra-saal geskei. Alhoewel die deurweg nog steeds bestaan het, het R.C. Green deur die verkoop van die stukkie grond aan die Kaap de Goede Hoop Bank die straatfront van die Alhambrasaal versper. Die Kaap de Goede Hoop Bank het nie lank in Pretoria bly voortbestaan nie. Op 20 September 1890 het hy sy bedrywighede in Pretoria gestaak. Op die foto is dit nog 'n dubbelverdiepinggebou maar het later onstabiel geword. Nadat die boonste verdieping afgebreek is het dit soos 'n doodskis gelyk.

Die President Teater is in 1888 opgerig. Moontlik was dit toe bekend onder die naam die Alhambra Teater. Later verander die naam na die Empress Theatre en nog later na His Majesty's Theatre. In die Directory van 1889 word dit beskryf as 'n goed geventileerde gebou toegerus met 'n goeie verhoog en toepaslike dekor. Die gebou het beide 'n vloer en 'n plafon en die stoele is baie gemaklik met rottang sitplekke. Daar is sitplek vir 350 mense. In 1889 was C. Reck die eienaar van die gebou [Dun-01 p26].

Regs van die akkerbome is die hotel. Ons sien dat die naam nou verander het na die South African Hotel. Die eienaar is C. Reck. Reck se vorige hotel was agter die akkerbome en dit het ook die naam South African Hotel gehad.



Bronne geraadpleeg

- All-01 Allen, Vivien. **Kruger's Pretoria**. A. Balkema. Kaapstad. 1971.
Dun-01 Dunston, Lola. **Young Pretoria 1889-1913**. Pretoria. 1975.
Pr-06 Rex, H.M. **Enige Mededelings i.v.m. die geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat**. Pretoriana, Deel 2 Nr. 3, April 1953.
V – De Volksstem.

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel

Die volgende van Alexander Coetzee

My vrou werk by die Princess Christian Tehuis as maatskaplike werkster. Sy is Sarie Coetzee. Haar telefoonno. daar is 012 460 2221.

Hulle het 'n publikasie oor die geskiedenis van die tehuis gedurende die 100-jarige bestaan daarvan in 2004 uigegee. Sy sê daar is nog eksemplare beskikbaar indien jy sou belangstel.

Ek geniet jou geselsbrief nog steeds elke maand.
Groete
Alexander Coetzee
